education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 6

## SOSIALE WETENSKAPPE – GEOGRAFIE
## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 40**

**TYD: 1 uur**

**LEERDER:** ______________________________

**SKOOL:** ______________________________

**LEO:** ______________________________

**DISTRIK:** ______________________________

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye**.

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voor die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die spasies wat voorsien word.
3. Voorsien jou antwoorde na aanleiding van elke vraag se instruksies.
4. AFDELING A: Kwartaal 3 inhoud

   AFDELING B: Kwartaal 4 inhoud
5. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Omkring die korrekte antwoord bv. 1.1.6 (A)

1.1.1 Beskryf die klimaat in ‘n tropiese reënwoud deur uit die volgende terme te kies.

A Warm en nat
B Warm en droog
C Koud en nat
D Koud en droog (1)

1.1.2 Die volgende diere kom in ‘n Naaldwoud voor.


A Gorilla
B Gemsbok
C Amerikaanse Eland
D Geen van die bogenoemde (1)

1.1.3 Beskryf die klimaat in ‘n warm woestyn, deur uit die volgende terme te kies.

A Warm en nat
B Warm en droog
C Koud en nat
D Koud en droog (1)

**[3]**

1.2 Bestudeer die grafiek wat volg en beantwoord die vrae.
FIGUUR 1.2 ‘n Grafiek wat die temeratuur en die reënval wys van Yellowknife Naaldwoud.




[Aangepas uit: *Oxford Sosiale Wetenskappe Geografie Graad 6*]

1.2.1 Beskryf die verskil tussen weer en klimaat.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2x2) (4)

1.2.2 Sê of die stelling waar of vals is.Yellowknife kan geklassifiseer word as koud en nat.


______________________________________________ (1)

1.2.3 Watter maande het die hoogste temperatuur en die hoogste reënval?

(a) Hoogste temperatuur:
______________________________ (1)

(b) Hoogste reënval:
__________________________________ (1)
**[7]**

1.3 Bestudeer die volgende kaart en beantwoord die vrae wat volg.
FIGUUR 1.3 'n Kaart wat die tropiese reënwoude van die wêreld wys.



[Aangepas uit: *Oxford Sosiale Wetenskappe Geografie Graad 6*]

1.3.1 Tussen watter TWEE breedtelyne sal ons Maleisië vind?

______________________________ (1)

1.3.2 Beskryf kortliks die klimaatsomstandighede van 'n tropiese reënwoud.

______________________________

______________________________ (2x1) (2)

1.3.3 Verduidelik waarom ontbossing sleg is vir die omgewing.

______________________________

______________________________ (2)

**[5]**


**TOTAAL AFDELING A: 15**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Bestudeer die grafiek oor bevolkingsverspreiding en beantwoord die vrae wat volg.
FIGUUR 2.1 'n Grafiek wat die hoeveelheid mense in Suid Afrika aantoor.

**TOTALE BEVOLKING VAN SUID-AFRIKA IN 2022, PER PROVINSIE (IN 1 000)**




[Aangepas uit: www.statistics south Africa.co.za]

2.1.1 Definieer die term *bevolkingsverspreiding*.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

2.1.2 Volgens jou mening, het Suid-Afrika 'n eweredige of oneweredige bevolkingsverspreiding? Gee 'n rede vir jou antwoord.


(a) Antwoord: ______________________________________

______________________________________________ (1)

(b) Rede: ______________________________________

______________________________________________ (1)
**[4]**

2.2 Bestudeer die volgende KAART en beanwoord die vrae wat volg. FIGUUR 2.2 'n Kaaert wat die bevolkings verspreiding oor Suid Afrika aantoon.




[Aangepas uit: *Oxford Sosiale Wetenskappe Geografie Graad 6*]

2.2.1 Definieer die term *bevolkingsdigtheid.*

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (2)

2.2.2 Watter provinsie het die hoogste bevolkingsdigtheid en gee 'n rede vir jou antwoord.

(a) Antwoord: ____________________________________

____________________________________________ (1)

(b) Rede: ______________________________________

____________________________________________ (2)

**[5]**

2.3 Bestudeer die volgende bron en beantwoord die vrae wat volg.
FIGUUR 2.3 Stoot en trek faktore.

| | | |
|---|---|---|
| 1<br>Ek het my gesin kus toe gebring om hier te woon, want ons verkies hierdie klimaat. | 2<br>Ons is suikerboere; dus woon ons in die noordelike deel van KwaZulu-Natal waar die suikerriet goed aard. | 3<br>Ek werk in 'n goudmyn in die Vrystaat. |
| 4<br>My gesin woon in Durban. My pa kontroleer goedere wat deur die hawe ingevoer word. | 5<br>Ons het in Pretoria kom woon toe ek hier werk by 'n motorfabriek gekry het. | 6<br>Ons woon in Port Elizabeth omdat my ma hier onderwys gee. |

[Aangepas uit: *Oxford Sosiale Wetenskappe Geografie Graad 6*]

2.3.1 Woon daar meer mense in stedelike of in landelike gebiede?
Gee 'n rede vir jou antwoord.

(a) Antwoord: ________________________________________

________________________________________ (1)

(b) Rede: ________________________________________

________________________________________ (1)

2.3.2 Klassifiseer die volgende onder die regte opskrifte.

| Werk soek; Droogte; Beter behuising; Myn wat toemaak |
|---|

| **Stoot Faktore** | **Trek Faktore** |
|---|---|
| | |
| | |

(1 x 4) (4)
**[6]**

2.4 Bestudeer die gevallestudie en beantwoord die volgende vrae wat volg.
FIGUUR 2.4 Gevallestudie van Moembaai.

Moembaai is die grootste stad in Indië en die tweede grootste stad in die wêreld. Moembaai hawe is een van die beste natuurlike hawens in die wêreld. Dit is waarom die stad op hierdie plek aan die kus geleë is. Vandag is dit die besigste en modernste hawe in Indië en hanteer 70% van Indië se handel.

Moembaai het ontwikkel as die handels-en vermaaklikheidshoofstad van Indië, en beskik oor 25% van Indië se nywerhede. Moembaai het talle belangrike finansiëlinstellings, soos die Reserwebank van Indië, die Nasionale Effektebeurs van Indië en talle korporatiewe hoofkantore. Dit is ook die sentrum vir die film - en televisiebedryf, algemeen bekend as Bollywood. Moembaai se werksgeleenthede is 'n aantrekkingskrag vir mense oral uit Indië.

Baie mense in Moembaai is egter werkloos en arm. Met so min plek beskikbaar, leef mense dikwels onder swak toestande in oorvol woonplekke en is gewoonlik ver van werksplekke af. Dharavi is 'n reuse **krotbuurt** in die sentrale gedeelte van Moembaai. Dit is een van die grootste krotbuurte van Asië met 'n inwonertal van meer as 800 000. Stadsgebiede soos hierdie word gekenmerk deur swak dienslewering wat betref water, sanitasie en elektrisiteit.

Moembaai het die mees **oorlaaide** vervoerstelsel in die wêreld. Die openbare vervoerstelsel sluit 'n treindiens, busse, taxi's, outo-riksjas en veerbote om oor die water te vaar, in. Die busse vervoer daagliks 4,5 miljoen passasiers. Moembaai se treine vervoer daagliks 6.3 miljoen passasiers. Treine is oorlaai gedurende spitstye en vervoer drie keer meer as die wettige aantal passasiers.

Volgens wet moet riksjas in Moembaai aardgas gebruik in 'n poging om besoedeling te verminder.

Moembaai gebruik daagliks 3 500 miljoen liter water. Byna al Moembaai se daaglikse 7 800 ton vullis word na vullishope geneem.

Elektrisiteit word vinniger gebruik as wat dit gelewer kan word. Byna almal in die stad gebruik selfone en die internet is oral beskikbaar.

[Aangepas uit: *Oxford Sosiale Wetenskappe Geografie Graad 6*]

2.4.1 Is Moembaai 'n landelike of 'n stedelike gebied?

______________________________________________ (1)

2.4.2 Noem en verduidelik TWEE probleme wat Moembaai sal ervaar indien nog meer mense na die stad trek.

(a) ______________________________________________

______________________________________________ (1)

(b) ______________________________________________

______________________________________________ (1)

2.4.3(a) Hoeveel rommel produseer Moembaai daagliks?

______________________________________________ (1)

2.4.3(b) Hoe raak hulle ontslae daarvan?

______________________________________________ (1)

2.4.4 Skryf 'n paragraaf van VYF sinne waarin jy verduidelik waarom Moembaai se ligging langs die kus bydrae tot die groei van die stad?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (5)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**
**GROOTTOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou